
SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za




You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL V1

## NOVEMBER 2024

**PUNTE: 80**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 14 bladsye.**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

   AFDELING A: Leesbegrip (30)
   AFDELING B: Opsomming (10)
   AFDELING C: Taalstrukture en -konvensies (40)

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

4. Trek 'n streep ná elke afdeling.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Laat 'n reël na elke antwoord oop.

7. Gee besondere aandag aan spelling en sinsbou.

8. Voorgestelde tydsindeling:

   AFDELING A: 45 minute
   AFDELING B: 20 minute
   AFDELING C: 55 minute

9. Skryf netjies en leesbaar.


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za




## AFDELING A: LEESBEGRIP

### VRAAG 1: TYDSKRIFARTIKEL EN KAART

Lees die tydskrifartikel hieronder en beantwoord die vrae.

### TEKS A: TYDSKRIFARTIKEL




**'N R10-*GYM* VIR MY MENSE**
***Oefen … dit hou jou gesond!***

1 Roydon Filander is 'n jongman van Eersterivier in die Kaap. Hy gee baie om vir die mense in sy omgewing. Hy werk as klerk by die Groote Schuur Hospitaal. In sy vrye tyd help hy mense om te oefen. Hy glo as jy fiks *(fit)* is, sal dit jou help om gesond *(healthy)* te wees.

2 Roydon se een oupa het aan diabetes gely. Hy het meer as een beroerte *(stroke)* gehad. Twee van sy tannies is ook oorlede aan diabetes. Hierdie siekte het Roydon laat besef hoe belangrik dit is om fiks en gesond te wees.

3 Die mense in Roydon se omgewing is arm. Hulle kan nie baie geld betaal om by gimnasiums te oefen nie. Daarom het Roydon met sy R10-*gym* begin. Hy noem dit sy *boot camps*. Hy sê as mense nie die R10 kan betaal nie, kan hulle steeds daar oefen.

4 Roydon se jarelange vriend, Thando Sithole, het drie jaar gelede die idee van die R10-*gym* vir hom gegee. Roydon en Thando het op skool saam rugby gespeel. Thando weet dat Roydon aktief is en daarvan hou om gesond te leef. Vandag is hulle twee die afrigters *(coaches)* by die *boot camps* by 'n skool in Eersterivier. Die geld wat hulle met die *boot camps* verdien *(earn)*, gebruik hulle vir hulle eie gimnasium, Perfect Gym.

5 Roydon se ma, Desiree, is sy rolmodel. Desiree werk haar hele lewe lank in 'n slaghuis *(butchery)*. Dit is harde werk en die geld is soms min. Nogtans het sy altyd planne gemaak sodat daar geld was om vir Roydon en sy sussie te gee wat hulle nodig het. Desiree help graag ander mense. So het sy vir Roydon ook geleer om ander te help as hy kan, sonder om geld daarvoor te vra.

6 Roydon se pa, Rouce, was baie aktief en gesond toe hy jonk was. Roydon kan dit sien op foto's van sy pa in sy "vroeë lewe". Dit is ook iets wat Roydon gemotiveer het om sélf fiks en gesond te wees én om ander mense te help om so te wees.

7 "Ons het al 'n 60-jarige in die *boot camps* gehad. Sy kon later bewegings *(movements)* doen wat baie jonger mense nie kon nie, want ons het haar baie aangemoedig *(encourage)*. Daar is mense wat kom, maar ná die eerste klas wil hulle stop. Ons leer hulle: wanneer jy begin met die *boot camps*, het jy klaar gewen," sê Roydon.



SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



8 Roydon se *boot camps* gaan nie net oor fisiese gesondheid *(physical health)* nie. Hy wil hê mense se koppe en harte moet ook gesond wees. Hy wil veral meer jong mans by sy oefensessies kry. Baie van hulle is deel van bendes *(gangs)* wat verkeerde dinge in die gemeenskap *(community)* doen. Roydon voel as hulle by sy *boot camps* kom oefen, gee dit vir hulle iets goeds om te doen en hulle kry kans om van die slegte dinge te vergeet.

9 Dit was nie maklik vir Roydon om gereeld *(regularly)* by sy *boot camps* te wees nie. Sy vrou, Gercia, was eers ontevrede as hy so baie van die huis af moes gaan. Hy moes mense by die *boot camps* gaan help. Hy moes mooi vir haar verduidelik dat die ander mense hom nodig het. Vandag verstaan Gercia dat dit vir hom belangrik is.

10 Roydon sê sy *boot camps* is vir hom 'n wensituasie. Dit help hom met sy sosiale vaardighede én hy bly fiks. Hy het wel van sy partytjie-vriende verloor, maar die régte vriende is nog in sy lewe.



11 Roydon sê altyd vir die *bootcamp*-lede om aan te hou kom, al is dit in die begin moeilik, want ... aanhouer wen!

[Verwerk uit *Kuier*, 14 September 2023]

1.1 VOLTOOI die sinne hieronder deur woorde uit paragraaf 1 in te vul. Skryf net die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.3) en die antwoord neer.

1.1.1 Roydon kom van ... (plek) in die Kaap. (1)

1.1.2 Hy werk as klerk by 'n groot … (1)

1.1.3 Sy groot passie in die lewe is om ander mense te help om te ... sodat hulle fiks kan wees. (1)

1.2 Watter siekte in Roydon se familie het hom laat besef dat dit belangrik is om fiks en gesond te wees? (1)

1.3 Lees paragraaf 3 en VOLTOOI dan die sin hieronder.

Roydon vra net R10 om by sy *boot camps* te oefen sodat die ... mense in sy omgewing ook die kans kan kry om dit te doen. (1)

1.4 Skryf TWEE OPEENVOLGENDE woorde uit paragraaf 4 neer wat vir ons sê dat Roydon al baie lank vir Thando Sithole ken. (1)

1.5 Aan watter sportsoort het Roydon deelgeneem toe hy op skool was? (1)


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



1.6 Waarom kan ons sê dat Roydon en Thando goed saamwerk? Noem TWEE redes. (2)

1.7 Waar in Eersterivier hou Roydon sy *boot camps*? (1)

1.8 Roydon is sy ouers se enigste kind.

Haal EEN sin uit paragraaf 5 aan om te sê waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

1.9 "Roydon kan dit sien op foto's van sy pa in sy 'vroeë lewe'." (Reël 24 en 25)

Skryf VIER OPEENVOLGENDE woorde uit paragraaf 6 neer wat na Roydon se pa se "vroeë lewe" verwys. (1)

1.10 Albei Roydon se ouers het vir hom 'n goeie voorbeeld gestel.

1.10.1 Waarom was Roydon se ma vir hom 'n goeie rolmodel? (1)

1.10.2 Hoe het sy pa hom gemotiveer? (1)

1.11 Roydon se *boot camps* help mense op verskillende maniere.

Kies die inligting uit KOLOM B wat by die karakter in KOLOM A pas. Skryf net die letter (A–E) langs die vraagnommers (1.11.1 tot 1.11.4) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.11.1 | Thando | A | ... het geleer om begrip te hê vir Roydon se goeie werk in die gemeenskap. |
| 1.11.2 | Ouer mense | B | ... kry die kans om weg te kom van dinge af wat nie reg is nie. |
| 1.11.3 | Bendelede | C | ... verdien baie geld uit die *boot camps*. |
| 1.11.4 | Gercia | D | ... se idee dien 'n goeie doel in die lewens van baie mense. |
| | | E | ... hou aan en kry moeilike dinge reg. |

(4 x 1) (4)

1.12 "Hy het wel van sy **partytjie-vriende** verloor" (reël 46 en 47).

1.12.1 Wat, dink jy, bedoel Roydon met "partytjie-vriende"? (1)

1.12.2 Hoe weet ons dat Roydon nie hartseer is dat hy sy "partytjie-vriende" verloor het nie? (1)


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



1.13 Lees die slotsin.

" ... aanhouer wen!" (Reël 51)

Waarom kan ons sê dat Roydon hierdie goeie raad in sy eie lewe gevolg het? (1)

1.14 Waarom pas die woorde, **"MY MENSE"** in die titel, so goed by die inhoud van hierdie artikel? (1)

1.15 Waarom kan 'n mens verstaan dat Roydon soveel Engelse woorde gebruik? (1)

1.16 Hoe help die foto's jou as leser om die teks beter te verstaan? (1)

**TEKS B: KAART**

Bestudeer die kaart hieronder en beantwoord die vrae.




[Verwerk uit earthstompers.com]

1.17 By watter dorp kan jy na walvisse gaan kyk? (1)

1.18 Watter plek is die mees suidelike punt op die kaart? (1)

1.19 VOLTOOI die sin hieronder.

Die Swartberge lê tussen Kaapstad en ... (1)

1.20 In watter provinsie gaan jy uitkom as jy van die Wes-Kaap af met die Tuinroete ry? (1)

1.21 Watter plek sal 'n mens besoek as jy een van die Groot Vyf wil sien? (1)

1.22 Waarom kan 'n mens sê dat hierdie kaart 'n goeie manier is om vir jou inligting oor die Tuinroete te gee? (1)

**TOTAAL AFDELING A: 30**



SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## AFDELING B: OPSOMMING

### VRAAG 2: HOE OM POSITIEF TE BLY

Wanneer daar negatiewe dinge in jou lewe gebeur, moet jy probeer om op die positiewe dinge te fokus. Hier is 'n paar wenke hoe om positief te bly.

- Som in SEWE VOLSINNE op **hoe om positief te bly**.
- Skryf die volsinne PUNTSGEWYS en in jou EIE WOORDE neer.
- Nommer die volsinne van 1 tot 7.
- Jou opsomming mag NIE langer as 60 woorde wees NIE.
- Dui die KORREKTE getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

**TEKS C**

**HOE OM POSITIEF TE BLY**

Jy moet stadig en diep asemhaal wanneer jy voel dat alles te veel raak. Dit sal ekstra suurstof vir jou brein gee om beter te voel en te werk.

Jy moet elke dag oefen, al stap jy net. Dan sal jy fiks en gesond wees. Dit sal jou sommer beter laat voel.

Ons het nie altyd tyd om die mooi dinge om ons te waardeer nie. Jy moet tyd maak om in die natuur te wees. Daar is altyd 'n mooi wolk, boom of voëltjie om na te kyk.

Die meeste van ons hou van musiek. Luister na gelukkige en positiewe musiek. Dit sal jou help om beter oor jouself en die situasie te voel.

Wanneer jy vir jouself sê dat jy iets nie kan doen nie, gebeur dit gewoonlik so. Deur positief met jouself te praat, sal jy jouself motiveer.

Alles is nie altyd net sleg nie. Jy moet die goeie mense en dinge in jou lewe waardeer.

Mense het mekaar nodig. Help iemand anders wanneer jy kan. Dit sal jou laat voel dat jy iets beteken.

[Verwerk uit wikihow.com]

**TOTAAL AFDELING B: 10**


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za




## AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

### VRAAG 3: ADVERTENSIE

Lees en bestudeer die advertensie (TEKS D) hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS D**




[Verwerk uit *Kuier*, 21 Julie 2022]



SA EXAM PAPERS
Proudly South African


SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



3.1 Wie adverteer hierdie grondboontjiebotter? (1)

3.2 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Met die woord ***Nuut*** heelbo aan die advertensie wil die adverteerder lesers (waarsku om nie iets te probeer wat hulle nie ken nie/aanmoedig om iets anders te probeer). (1)

3.3 Watter DRIE woorde in die advertensie pas by die  hartjies? (1)

3.4 Vorm 'n TEENWOORDIGE DEELWOORD van die werkwoord tussen hakies.

Die (speel) olifantjie sê vir ons dat hy van die grondboontjiebotter hou. (1)

3.5 Watter EEN woord in die advertensie sê vir ons dat **Go Nuts** baie maklik gaan smeer? (1)

3.6 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

**Go Nuts** is hoog in proteïene. Dit sê vir ons dat dit (goed/sleg) is vir mense se gesondheid. (1)

3.7 Skryf die GETAL **90** as 'n woord. (1)

3.8 "Lekkerte wat jy nóóit sal vergeet nie!"

3.8.1 Waarom is hierdie woorde 'n MENING en nie 'n feit nie? (1)

3.8.2 Hoe beklemtoon die adverteerder dit wat hy hier sê? Noem EEN manier. (1)

3.9 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf net die vraagnommer (3.9) en die antwoord (A–D) neer.

Die FIGUURLIKE BETEKENIS van "Go Nuts" in hierdie advertensie is dat ...

A daar baie grondboontjies in die produk is.
B jy baie daarvan sal eet omdat dit so lekker is.
C dit jou deurmekaar sal maak as jy te veel daarvan eet.
D jy nie daarvan moet eet as jy vir grondbone allergies is nie. (1)

**[10]**


SA EXAM PAPERS
Proudly South African


SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**VRAAG 4: STROKIESPRENT**

Bestudeer die strokiesprent (TEKS E) hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS E**




[Verwerk uit pinterest.com]



SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



4.1 Kyk na RAAMPIE 2.

4.1.1 Watter EEN woord sê vir ons dat Peanuts nie binne-in die huis is nie? (1)

4.1.2 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Peanuts se woorde sê vir ons dat hy 'n (tevrede/ontevrede) hond is. (1)

4.2 Kyk na RAAMPIE 3.

Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

**Hyg ... Hyg ...** sê vir ons dat Peanuts (koud kry/vinnig hardloop). (1)

4.3 **SKOP! SKOP! SKOP! (**RAAMPIE 4)

Wat sê dit vir ons van wat Peanuts DOEN? Noem TWEE dinge. (2)

4.4 Kyk na RAAMPIE 5.

4.4.1 Watter UITROEP pas die beste?

Genugtig!/Eina! (1)

4.4.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 4.4.1. (1)

4.5 Gee 'n SINONIEM vir "lawaai". (1)

4.6 Skryf die sin hieronder in die INDIREKTE REDE.

Ek sal moet opstaan en gaan kyk.

**Begin só:** Charlie sê ... (1)

4.7 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf net die vraagnommer (4.7) en die antwoord (A–D) neer.

"Kan jy nie soos 'n gewone hond by die deur blaf wanneer jy wil inkom nie?"

Met hierdie woorde bedoel Charlie dat Peanuts ...

A weet hy mag nie inkom nie.
B anders optree as ander honde.
C hom baie vroeg laat opstaan het.
D die ander honde gaan laat blaf as hy so lawaai. (1)

**[10]**



SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## VRAAG 5: LEESTEKS EN PRENT

5.1 Lees die teks (TEKS F) hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS F**

**GELIEFDE BOELIEBIEF WORD NIE MEER GEMAAK NIE**




Ons almal ken Bull Brand-boeliebief in die (5.1.1) (blik) met die bul daarop. Dit is die een met die rooi, geel en wit (5.1.2) (kleure/klere). (5.1.3) (My ma maak baie lekker kos daarmee.) Ek het veral daarvan gehou as sy dit saam (5.1.4) ... uie gebraai het.

(5.1.5) (Gelukkig) het dit oor die jare duur geword. Dit het later R70 vir 300 (5.1.6) (gram) gekos. (5.1.7) (Mense kon dit betaal.) Hulle het iets anders probeer wat (5.1.8) (goedkoop) as Bull Brand is. Dit was egter nie (5.1.9) *(the same)* nie.

Nou word Bull Brand-boeliebief nie meer in (5.1.10) (winkels) verkoop nie. (5.1.11) (Rhodes Fruit Group het dit gemaak.) Ek het (5.1.12) (julle/hulle) gebel om te hoor wat aangaan. (5.1.13) (Toe hoor ek. Rhodes Fruit Group maak dit nie meer nie.) Dan is dit nou amptelik: (5.1.14) (Bull Brand-boeliebief se dae is getel!).

[Verwerk uit Netwerk24, 3 Mei 2023]

5.1.1 Gee die VERKLEINWOORD van "blik". (1)

5.1.2 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Dit is die een met die rooi, geel en wit (kleure/klere). (1)

5.1.3 Skryf die sin in die VERLEDE TYD.

My ma maak baie lekker kos daarmee. (1)

5.1.4 Vul die ontbrekende VOORSETSEL in.

Ek het veral daarvan gehou as sy dit saam ... uie gebraai het. (1)

5.1.5 Gee die ANTONIEM van "Gelukkig". (1)

5.1.6 Gee die AFKORTING vir "gram". (1)

5.1.7 Skryf die sin in die ONTKENNING.

Mense kon dit betaal. (1)



SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



5.1.8 Gee die KORREKTE VORM van die woord tussen hakies.

Hulle het iets anders probeer wat (goedkoop) as Bull Brand is. (1)

5.1.9 Gee die KORREKTE AFRIKAANS vir die woorde tussen hakies.

Dit was egter nie *(the same)* nie. (1)

5.1.10 Verdeel "winkels" korrek in LETTERGREPE. (1)

5.1.11 Skryf die sin in die LYDENDE VORM.

Rhodes Fruit Group het dit gemaak.

**Begin só:** Dit ... (1)

5.1.12 Kies die korrekte VOORNAAMWOORD uit dié tussen hakies.

Ek het (julle/hulle) gebel om te hoor wat aangaan. (1)

5.1.13 VERBIND die twee sinne hieronder met die VOEGWOORD tussen hakies.

Toe hoor ek. Rhodes Fruit Group maak dit nie meer nie. (dat) (1)

5.1.14 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf net die vraagnommer (5.1.14) en die antwoord (A–D) neer.

Bull Brand se **dae is getel**! Dit beteken dat Rhodes Fruit Group ...

A besluit het Bull Brand-boeliebief se tyd is verby.
B getel het hoeveel dae Bull Brand op die rakke was.
C besluit het om oor 'n paar dae weer Bull Brand te maak.
D getel het hoeveel mense elke dag hulle produk gekoop het. (1)



SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



5.2 Bestudeer die prent (TEKS G) hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS G**




[Verwerk uit ClipartLibrary]

5.2.1 Gee die MEERVOUD van die woord tussen hakies.

Daar sit drie (kind) by die tafel. (1)

5.2.2 Skryf die sin in die INFINITIEF.

Hulle is besig (studeer). (1)

5.2.3 Gee die INTENSIEWE VORM van die woord tussen hakies.

Almal is (stil). (1)

5.2.4 Skryf die sin in die korrekte WOORDORDE.

Tina pak die boeke (op die rakke) (netjies) (elke dag). (1)

5.2.5 Verander die sin hieronder na 'n VRAAGSIN.

Bea sit langs Joe.

**Begin só:** Waar ... (2)
**[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 80**



SA EXAM PAPERS
Proudly South African